27 Maart | NG Gemeente Kogelberg | 2026

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 29 MAART 2026 SE EREDIENSTE:

| | |
|---|---|
| **09:00** | **09:00** |
| **Hangklipkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds Stephan Naudé | Ds Louis Fourie |
| Psalm 118 | Mat 21:1-11 |







Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond




SnapScan

Gebruik gerus die **SnapScan-opsie** om jou offergawe te gee.




*Ons betuig ons innige simpatie en meegevoel met...*

*Arina Greeff (Sb4) met die afsterwe van haar Ma.*

*André Landman (KB2) met die afsterwe van Jean.*

| **Ds Heinrich Carstens** | **Dr Stephan Naudé** |
|---|---|
| 083 566 1490 | 063 580 1814 |
| heinrich@ngkogelberg.co.za | stephan@ngkogelberg.co.za |

**KERKKANTOOR** *ure*

*Maandag - Vrydag* 10:00 - 13:00

**KONTAK** *besonderhede*

028 271 3470 info@ngkogelberg.co.za

# Program vir die week 29 - 5 April 2026

## Sondag 29 Maart

***17:00*** **Kogelberg Kids** (Kerksaal)

## Maandag 30 Maart

***09:30*** GriefShare Kursus

***11:30*** Preekwerksgroep (Kapel)

***18:30*** Grootlydensweek Kapeldiens (Kapel)

## Dinsdag 31 Maart

***18:30*** Grootlydensweek Kapeldiens

## Woensdag 1 April

***18:30*** Grootlydensweek Kapeldiens

## Donderdag 2 April

***15:00*** *Senior Burger (Kerksaal)*

***19:00*** *VGK Pasgamaaltyd*

## Vrydag 3 April

***Goeie Vrydag***

***06:30*** Kruisloop Kleinmond (Gemeenskapsaal)

***08:00*** Kuierkerk Nagmaaldiens

***09:00*** Hangklipkerk Nagmaaldiens

***09:00*** Kleinmondkerk Nagmaaldiens

## Saterdag 4 April

***Stil Saterdag***

## Sondag 5 April


***Opstandingsfees***

***09:00*** Hangklipkerk

***09:00*** Kleinmondkerk Gesamentlike Erediens



# Dissipelskapreis




Die Dissipelskapreis is 'n uitnodiging en toerusting om in 'n lewende verhouding met God, ons Vader te leef.


Die materiaal is nie bedoel om net nog 'n kursus te wees nie, maar eerder om mense te begelei daartoe om in 'n egte verhouding van navolging of dissipelskap met God te leef. Daarom spandeer ons elke week tyd om met hierdie materiaal by God stil te word en werklik te leer om te onderskei waarmee God besig is in ons lewens. As ons dit doen, kan ons ook leer om na die Vader te luister en te doen wat Hy van ons vra.

Die proses vra 'n definitiewe *commitment* rondom persoonlike voorbereiding en groepsteenwoordigheid, sodat die groep saam kan ontdek wat God aan elkeen wil openbaar.

Die Dissipelskapreis begin DV op **Woensdag 8 April 2026** van ***17:00 - 18:00*** by ***Hangklipkerk*** in Pillansiaweg, Bettysbaai of ***18:30 - 20:00*** by ***Kleinmondkerk*** in Vierdelaan, Kleinmond. Inskrywings kan nou reeds gedoen word deur die inskrywingsvorms te voltooi en by die kerkkantoor in te handig.

Beperkte plek beskikbaar.

Materiaal moet bestel word @ R200-00 per persoon voor 31 Maart. Vir navrae kontak gerus vir ds Heinrich by 083 566 1490.




## Inskrywingsvorm – Dissipelskapreis

| | | |
|---|---|---|
| NAAM | | |
| VAN | | |
| SELFOON | | |
| MATERIAAL @ R200-00 | A5-formaat | E-publikasie |


## Onderneming

| | |
|---|---|
| Ek onderneem om getrou voor te berei vir die groepsessies, asook om nie sonder goeie rede van die groepsessies af weg te bly nie. | |
| | |
| Handtekening | Datum |

## Vir kantoorgebruik

| | |
|---|---|
| Betaling ontvang | |

# getuienisse...




## Getuienisse van individue

Die Dissipelskapreis het my geleer om bitterheid, seer en kwaad beter te hanteer. Waar ek in baie moeilike omstandighede was, het ek geleer om met rustigheid op God te vertrou. *You are never too far gone.*

Fanie Potgieter

Die reis het opnuut bevestig dat al is jy 70 het jy steeds baie om te leer en terselftertyd ontdek jy waarhede oor jouself waarvan jy nie bewus was nie/of wat jy dalk onderdruk of ontken het.


Corrie Hugo

Die reis maak jou bewus van onnodige bagasie wat jy jare lank saamdra wat jou groei belemmer en emosioneel skade berokken. Deur die onderlinge samesyn leer ons ook van mekaar.

Wouter Hugo

Die reis het my geleer hoe om onvoorwaardelik te vergewe al het iemand my baie seer gemaak. Ek moes bagasie wat ek al jare dra in die oë kyk en dit agter my sit. Die groep het my geleer om mense weer te vertrou.

Elize Botes



# Herdersbediening en die voltydse predikante

Ons is in gesprek met van ons lidmate wat afgetrede predikante is, oor hoe ons die **HERDERSBEDIENING** in die toekoms gaan hanteer. Daar is reeds van die *emeriti* wat aangedui het dat hulle steeds op hierdie manier diensbaar sal wees in die gemeente en sodra ons meer duidelikheid het oor die aantal emeriti wat beskikbaar is, sal ons 'n sinvolle indeling van die gemeente maak en dit kommunikeer.

Intussen besef ons dat daar by lidmate (ook wyksouderlinge en dienswerkers) dalk verwarring mag wees oor wie hulle kan kontak in verband met pastorale versorging.

Daarom wil ons graag vra dat julle vrymoedigheid sal neem om vir ds Heinrich Carstens (083 566 1490) of dr Stephan Naudé (063 580 1814) te kontak. Hieronder is weer die indeling van die gemeente se wyke vir die predikante se pastorale verantwoordelikheid. Jy kan natuurlik ook die kerkkantoor kontak wat die inligting sal deurgee na die predikante.

## Nuwe Intrekkers

# Baie welkom!

*Bewys van lidmaatskap is ontvang van:*

*Guillaume Johannes en Anne Marie Oberholzer* ***van Lambton – Germiston (BB2)***

*Sydney Abraham en Margaretha Maria Foster* ***van Kroonstad (BB2)***

*Jaco en Adéle Johanna Alberts* ***van Kaapstad (Ba1b)***

*Mag julle geseënd en elukkig wees in ons gemeente. Mag julle voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.*


Groei in geloof... Oefen as een span
Vir alle kinders en gesinne
Sondag 29 Maart
17:00
Kerksaal
Behoort
Aanbid
Leer
Dien


Pasgamaaltyd
Tydens die pasgamaaltyd word ons met simboliese kossoorte begelei vanaf die Israeliete se vrylating uit Egipte tot by die kruis en sien ons uit na Christus se wederkoms.
Donderdag, 2 April 2026 om 19.00
Waar: VGK, Kalkoentjiestr, Proteadorp
Beperkte sitplekke beskikbaar.
Skakel asb 082 908 9825

# Lydenstyd



Grootlydensweek
Kapeldiens om 18:30
Maandag - 30 Maart
Dinsdag - 31 Maart
Woensdag - 1 April




• Pasgamaaltyd - 2 April by VGK Kleinmond - 19:00
• Goeie Vrydag Nagmaal - 3 April
○ Kleinmond Kruisloop - 06:30
○ Kuierkerk - 08:00
○ Hangkliplerk - 09:00
○ Kleinmondkerk - 10:00
• Opstandingsfees - 5 April
○ Hangkliplerk - 09:00
○ Gesamentlike Erediens Kleinmondkerk - 09:00
Paasfees 2026
Program



| KRUISLOOP \| The way of the cross 2026<br>*Ons loop die weg van die kruis*<br>*Walking the way of the cross* | | |
|---|---|---|
| **STASIE<br>STATION** | **TEMA & SKRIFLESING<br>THEME & SCRIPTURE** | **AANBIEDER<br>PRESENTER** |
| **Gemeenskapsaal<br>Community Hall** | **JESUS BID IN GETSEMANE<br>JESUS PRAYS IN GETHSEMANE**<br>Lukas 22:39-46 / Luke 22:39-46 | **Gerhard Struwig**<br>082 897 6280<br>Agape aanbiddingsentrum |
| **Smouse<br>Hawkers** | **JESUS WORD DEUR JUDAS VERRAAI<br>JUDAS BETRAYS JESUS**<br>Markus 14:43-46 / Mark 14:43-46 | **Arno Carstens**<br>066 216 0571<br>Christ Gen |
| **Perron 25** | **JESUS WORD DEUR PETRUS VERLOËN<br>PETER DENIES JESUS**<br>Matteus 26:69-75 / Mathew 26:69-75 | **Stephan Naudé**<br>063 580 1814<br>NG Kogelberg |
| **King kong** | **JESUS WORD GEGÉSEL EN OORGELEWER<br>JESUS FLOGGED AND HANDED OVER**<br>Johannes 19:1-17 / John 19:1-17 | **Kobus Roodt**<br>071 875 0097<br>Kleinmond Fellowship Church |
| **Laerskool Kleinmond<br>Kleinmond Primary** | **SIMON HELP JESUS OM SY KRUIS TE DRA<br>SIMON HELPS JESUS TO CARRY HIS CROSS**<br>Markus 8:34-35 & 15:21 / Mark 8:34-35 & 15:21 | **Anthony Cloete**<br>071 829 7703<br>VGK-Kerk |
| **Stadsaal<br>Townhall** | **JESUS WORD GEKRUISIG / JESUS CRUCIFIED**<br>Lukas 23:32-38 & Kolossense 2:13-14<br>Luke 23:32-38 & Colossians 2:13-14 | **Riaan Marinus**<br>066 299 5569<br>Anglikaanse Kerk |
| **ABSA** | **JESUS BELOOF DIE PARADYS AAN 'N MISDADIGER<br>JESUS PROMISES PARADISE TO A CRIMINAL**<br>Lukas 23:39-43 / Luke 23:39-43 | **Craig Snyders**<br>074 775 5888<br>Shofar Church |
| **Preekboom** | **JESUS STERF AAN DIE KRUIS EN WORD BEGRAWE<br>JESUS DIES AND PLACE IN THE GRAVE**<br>Lukas 23: 44-46 & Matteus 27: 57-60<br>Luke 23: 44-46 & Mathew 27: 57-60 | **Johan Koekemoer**<br>063 684 2155<br>The Bay Church |

KLEINMOND

# KRUISLOOP

ONS LOOP DIE WEG VAN DIE KRUIS



**Datum:** 3 April 2026

**Tyd:** 06:20 vir 06:30

**Plek:** Gemeenskapsaal Proteadorp

# KERKKANTOOR*ure*

| Maandag - Vrydag | 10:00 - 13:00 |
| --- | --- |

## KONTAKBESONDERHEDE

Telefoon: 028 271 3470

E-pos: info@ngkogelberg.co.za

Whatsapp: 076 134 7157

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

# Barmhartigheidsbediening

## Nagmaal Koskas

Onthou dat ons weer met ons Nagmaalviering (3 April) ons gebruiklike koskas-insameling het vir ons Caritas-projek.

Enige nie-bederfbare produkte sal waardeer word.



Blikkieskos (Pilchards, tamatie & uie, baked beans), langlewe-melk, 2 min-noodles, Mieliemeel (1kg), Ricoffy, Suiker, Pasta, Sopmengsel, Weetbix



## Neem kennis van die datums

Ete vir Nuwe Intrekkers - **12 April**

Funksie vir Bo-80's (Hangklip) - **16 April**

Bid op die berg - **19 April**

Funksie vir Bo-80's (Kleinmond) **- 8 Mei**

Hangklip-Ontbyt deur die Manne - **9 Mei**

***Skakel gerus die Kerkkantoor met enige navrae.***

# Hou die datums oop...






## Kos-en-Kuiermark voldoen aan alle verwagtinge

Fanie Krige

KLEINMOND – Daar was nie plek vir ’n muis of parkeerplek vir ’n kewer nie by vanjaar se Kos-en-Kuiermark, wat verlede Vrydagmiddag deur die NG Kerk Kogelberg in die Kerksaal aangebied is. Elke hoekie en gaatjie was gevul: met iemand wat iets maak of verkoop, ’n bekende wat jy raakloop, of ’n tafel waar jy kon aansit en kuier.

Die fotobeeld vertel die verhaal: by aankoms koop jy eers jou kaartjie en word met ’n glimlag oortuig om genoeg voorsiening te maak vir al die lekkernye. Daarna lok die impromptu pianis jou om saam te sing, maar jy moet sterk staan – daar wag nog baie besluite. Pannekoek is altyd ’n wenkeuse, en vanjaar s’n was nóg beter (wie het die resep?). Ná jou keuse van eetgoed volg ’n beker boeretroos of Engelse tee, en dan is dit tyd om ’n tafel te vind en die geselskap te geniet.

Die verskeidenheid kos was indrukwekkend: natuurlik die tradisionele basaarpoeding, kerrie en rys, maar ook nuwe gunstelinge soos sosaties met slaai en rys. Hamburgers, heerlike lewerkoekies, jafels met hoender-mayonnaise, ’n sny koek om dadelik te geniet, lekkergoed, koeldrank en water het die aanbod afgerond.

Dat die geleentheid ’n groot sukses was, is sonder twyfel.



# Agapé Vrouegroep

Die Agape vrouegroep het op Saterdag 21 Maart weer bymekaar gekom om gesellig saam te vekeer. Ons het klippe geverf met die tema van die Lydenstyd en tydens die Kruisloop op Goeie Vrydag gaan die klippe langs die pad neergesit word. Die dames het ook heerlik saamgesing en verversings geniet.
















## Hangklipkerk se Kuierruimte kort 'n opkikker!

Dit het tyd geword om die Hangklipkerk op Bettysbaai se Kuierruimte op te warm en op te vrolik om dit sodoende klank- en meer kuiervriendelik te maak.

Die vroue aan die stuur van dié opkikker-projek het reeds goeie idees oor 'n kleurskema, maar benodig onder meer die volgende items: klein koffietafel, gemakstoele, mat en materiaal vir maak van tafeldoeke

Indien jy enige van bogenoemde items het om te skenk, of enige ander toepaslike items, of sou jy bereid wees om 'n geldelike bydrae te maak vir die nodige aankope, skakel asseblief met **Sandra Taljaard (083 308 6170)** of **Ledivia de Reuck (082 455 0318)**.

Gemeenskaps-

# DAGBOEK



# Veels Geluk...

## Saterdag 28 Maart

Nicki Ackermann 083 446 6987 (Sc3)
Tammy Buys 065 857 6263 (KB2)
André Gresse 084 514 1639 (HK3)
Christa Lombard 082 923 7133 (KB5)
Ronel Marais (KB1)
Stephan Naudé 081 381 3153 (Sb4)
TC Nortje 073 908 7577 (HK3)
Elize Snyders 083 394 0609 (Bb 1)
Hennie van Vuuren 084 582 2761 (BB3)

## Sondag 29 Maart

Chris Barnard 082 337 3997 (KB5)
Sandra Beukes 072 237 6708 (Bb3)
Jacqueline Leuvennink 073 789 6430 (Sc1)
Edna Maree 081 769 4731 (Ba1a)
At Victor 082 901 7422 (Sa2)

## Maandag 30 Maart

Sarita Berner 083 273 2889 (Sb1)
Anien Crafford 082 742 6234 (KB4)
Mike de Jager 083 564 7227 (BB2)
Sanet Hanekom 084 247 3022 (KB6)
Marianna Jordaan 072 623 5400 (BB3)
Molly Lubbe 083 406 0803 (PB2b)
Nico Rabe 082 331 6855 (Ba2)
Sarita Richards 076 878 8860 (BB3)
Ona van Heerden 082 923 0606 (KB2)

## Dinsdag 31 Maart

Annette Bosman 072 274 5828 (Sc2)
Christo Brits 081 568 2031 (Sb1)
Kobus Esterhuizen 084 583 3407 (Ba2)
Charmaine Pretorius 076 428 0216 (Ba3)
Greyling Visser 082 755 5298 (KB1)
Joey Williams (PM5)

## Woensdag 1 April

Jeanne Combrinck (Sc3)
Joan Weyers 082 622 9135 (Sa2)

## Donderdag 2 April

Sandra Beukes 082 805 8467 (Sa1)
Louwtjie Hickley 083 273 8350 (PM2)
Corrie Hugo 084 877 5356 (KB2)
Hetta Strauss 083 324 7007 (PM5)






GROEPGESPREKKE | 30 MAART-3 APRIL 2026

**1. Gesels bietjie saam...**

- Dink aan iets wat jy die afgelope week raakgesien het — 'n storie, 'n gesprek, of iemand se ervaring — waar dinge nie maklik was nie. Wat het jou opgeval van hoe mense deur moeilike tye gaan?
- Ons leef in 'n wêreld waar mense gereeld onder druk is. Wat dink jy help mense oor die algemeen om aan te hou wanneer dinge swaar raak?

**2. Ons storie nou...**

Psalm 118 beskryf 'n beweging van benoudheid na ruimte, van vrees na vertroue.

As jy terugkyk na jou eie lewe:

- Kan jy 'n tyd onthou waar jy gevoel het dinge is teen jou — en waar jy tog op een of ander manier deurgedra is?
- Hoe het dit jou verstaan van God se betrokkenheid gevorm?

Die psalm sê dit is beter om by die Here te skuil as om op mense te vertrou.

- Waar ervaar jy hierdie spanning in jou eie lewe — tussen vertroue in God en vertroue in mense of sekerhede?

Daar is ook 'n sterk tema van omkeer: dit wat afgekeur word, word sentraal.

- Hoe reageer jy gewoonlik wanneer dinge nie uitwerk soos jy gehoop het nie?

As jy na jou huidige situasie kyk (deel soos jy veilig voel):

- Waar voel dit vir jou tans onseker, broos, of onvoltooid?
- Hoe beïnvloed dit jou vermoë om te glo dat "die Here is vir my"?

**3. God se storie...**

Lees Psalm 118 saam, of laat iemand dit in hul eie woorde vertel. Die psalm begin en eindig met God se standvastige liefde (ḥesed).

- Wat sê dit vir ons oor God se karakter — veral in tye van nood?

*"Ek was in benoudheid... die Here het my geantwoord." (v.5)*

- Wat leer hierdie getuienis oor hoe God teenwoordig is in menslike nood?Is Hy die een wat verander, of verander Hy ons situasie, of albei?

*"Die Here is vir my — ek sal nie vrees nie." (v.6–7)*

- Wat beteken dit teologies om te sê God is "vir" iemand?
- Hoe verskil dit van net 'n algemene geloof in God?

"*Die klip wat die bouers afgekeur het, het die hoeksteen geword." (v.22–23)*

- Wat openbaar hierdie beeld oor God se manier van werk in die wêreld — veral teenoor menslike mag, oordeel en verwagtinge?

Op Palmsondag word hierdie psalm op Jesus toegepas. (v.26; vgl. Matt. 21:9)
Hoe help dit ons om Jesus beter te verstaan, veral sy manier van kom (nie in mag nie, maar in nederigheid)?

- Dink jy hierdie "dag" verwys net na 'n oomblik van redding, of na iets groter in God se verlossingsverhaal?
- Wat beteken dit om hierdie dag raak te sien as God se werk?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**
Psalm 118 nooi ons om ons werklikheid anders te interpreteer:

- God se teenwoordigheid beteken nie die afwesigheid van benoudheid nie, maar dat benoudheid nie die laaste woord het nie.
- Wat deur mense verwerp word, kan in God se hande nuwe betekenis en plek kry.
- Vertroue word nie gebou op beheer of sekerheid nie, maar op die wete dat "die Here is vir my".
- Ons word genooi om ons "vandag" te sien as deel van God se groter storie van redding.
- Hoe verander hierdie psalm jou manier van kyk na jou eie situasie?
- Waar word jy uitgenooi om jou vertroue te verskuif — van wat sigbaar en seker is na God se werk wat nie altyd onmiddellik duidelik is nie?
- Wat beteken dit vir jou dat Jesus die "verwerpte hoeksteen" is — ook in jou lewe?
- Wat is een insig of woord uit hierdie psalm wat jy hierdie week saam met jou wil dra?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**
Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 30 Maart 2026 – Johannes 12:1–11
- Dinsdag 31 Maart 2026 – Johannes 12:20–36
- Woensdag 1 April 2026 – Johannes 13:21–32
- Donderdag 2 April 2026 – Johannes 13:1–17, (31–35)